Pragboek belig bekende keramiek-kunstenaar

21 November 2017 16:30

Die keramiekkunstenaar Clementina van der Walt is bekend daarvoor dat sy net-net buite die voorspelbare van hierdie kunsmedium en vlyt werk.

'n Nuwe pragpublikasie met haar 65ste verjaardag gee met woord en beeld 'n oorsig van 'n merkwaardige loopbaan. Die titel, *A Ceramic Journey*, is duidelik 'n aanduiding van hoe sy self daardie deel van haar lewe beskou.

Pragtige foto's (van veral Wida Maritz) en tekste van bekendes in die kunswêreld skets 'n kunstenaarslewe wat konstant die medium en werkwyse ondersoek en ander rigtings inslaan.

Sy self skryf dat haar lewenstaak 'n pelgrimstog op soek na betekenis is.

"Die dissipline van keramiek het my die geleentheid gegee om hierdie vrae te ontgin deur middel van die fisieke en tegniese beperkinge van klei en in die meeste gevalle binne die raamwerk van bruikbare funksionaliteit."

Van der Walt, 'n gewilde kleikunstenaar onder versamelaars, se stukke verstom soms met hul aweregse vorme wat tog ook uiters prakties ingespan kan word. Humor, speelsheid en ongewone kleure is kenmerkend, onderskraag deur die amper Boeddhistiese leuse van "die heilige in die gewone".

Saam met die boekbekendstelling het sy tot 25 November 'n omvattende tentoonstelling van nuwe kuns by die Lutge-galery by Loopstraat 109, Kaapstad. Bel 021 424 8448 of besoek clementina.co.za vir meer inligting. - **Melvyn Minnaar**

Meer oor: Keramiek | Clementia Van Der Walt